

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 124 10 November 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

OPSTAND EN DIE OWERHEID

Na die soveelste plaasmoord het daar vanuit voetsoolvak 'n beweging ontstaan wat uitgeloop het op die swart-Maandag protesoptrede. Boere, familie en ondersteuners het swart aangetrek en by verskeie kruisings en ander openbare plekke saamgekom en saam gebid. Hierdie protesoptrede moes eintlik al lankal baie meer momentum gehad het.

Dit vra nie veel waarnemingsvermoë om die verskil in protesoptrede tussen die swart-Maandag ondersteuners en EFF aan te dui nie. Om nie eens te praat oor *Township* protesoptrede oor sake soos dienslewering nie.

Die vraag wat op baie se lippe was, is na die reg tot protes en selfs sterker vorme van protes en weerstand teen 'n regering wat duidelik rassisties is in beleid en toepassing van die wet.

Ons hoef nie oortuig te word dat die owerheid deur God daargestel is nie. Die owerheid is daar om seker te maak dat alles vlot verloop en dat ons met rustigheid ons lewensweë kan bewandel.

Die krisis is nou dat die owerhede nie die Godegegewe gesag (mag) met oordeel-kundigheid toepas nie. Mense voel nie veilig



nie, met reg. Plaasmoorde en rooftogte het sonder vermindering in gewelddadigheid of frekwensie aanhou gebeur na die beweerde miljoen-byeenkoms buite Bloemfontein en die Swart Maandag-protes.

Tot op watter vlak kan protes en weerstand regverdig word? Staak ons die weerstand by die dra van swart en saambid? Daar is soveel antwoorde wat gebied word, soveel alternatiewe wat aangebied word. Dit is nou te sê as jy nie tevreden is met die regering van die dag se pogings nie.

* Daar is diegene wat voorstel dat mense hulle belasting- en munisipale dienste-gelde moet weerhou. Daar is voorbeeld van plattelandse dorpies waar inwoners self onderhoud en dienslewering begin doen het, net om te voorkom dat die infrastruktuur nie totaal disintegreer nie. Die owerhede se gebrek aan kundigheid en hul gulsigheid is nie beperk tot die platteland nie. Daar is in die groter stede, die provinsies en die land genoeg voorbeeld van owerheid-disfunksie. Dit is moeilik om die ware redes aan te dui; tussen korruptie, (rassistiese) regstellende aksie, (rassistiese) transformasie, bedrog, tenderpreneurs wat staatskoffers roof, kader-ontplooiing, vel- of geslag gebaseerde bevordering, nepotisme en vele meer, is dit onmoontlik om met sekerheid die redes sorgvuldig aan te dui.

Wat ookal die redes mag wees, al hierdie optredes het 'n impak op die spandering van die inkomstes van SARS. Nou is die argument dat burgers nie hulle belasting-gelde moet oorbetal nie. "Wurg die staat se kontantvloei en dwing hulle om anders op te tree" Die manier waarop die belasting gelde ingevorder word, maak sodanige voorstel onsinnig. Daarmee saam gaan die staat sodanige persone, besighede of groepe vervolg. Ons kan maar net stel dat die onreg verbonde aan die vervolging van mense wat nie betaal nie, verdubbel word deur die mense in beheer se vergrype.

* Verskeie groepe en politieke partye is besig om met hofaksies die soustrein te laat ontspoor. Dit is goed om die staat en ampsdraers tot orde te roep vir onwettige optredes. Daar is 'n paar sake wat tog net gestel moet word. Die bedrae betrokke en die aantal persone betrokke by korruksie kan beteken dat die Howe Lamgelê sal word deur al die hofsake. Daarmee saam is daar die dubbele en drie-dubbele belediging van mense wat belasting geld verduister, wat met belasting geld vervolg en soms selfs met belasting geld verdedig word! Erger as dit is die feit dat die hofsake nie ons mense gaan beskerm teen misdaad nie, dit gaan net geregtigheid uitstel, verlangsaam en laat doodloop.

* Voortgesette protes by wyse van optogte en verkeer versper, gaan net uitloop in vervolging van mense wat die staat tot orde wil roep. Die eerste Swart Maandag het klaar tot gevolg gehad dat mense nou in die regstelsel se visier is. Blankes gaan nie dieselfde protes toegelaat word nie. Ander mag plunder en roof, die ekonomie tot stilstand dwing, maar die rassistiese vooroordeel van owerheidskant maak dubbel standarde vanselfsprekend.

* Diegene wat dink dat daar debat kan wees oor passiewe- of aktiewe weerstand en opstand, speel met woorde. Passiewe weerstand loop tog uit op sekere optredes, ons gaan tog besig wees met iets doen. Ons moet eerder begin praat van positiewe of negatiewe protesaksies. Protes het tog ten doel om lewens te spaar, eiendom te beskerm en samelewings omstandighede te verbeter. Positiewe optrede en om verantwoordelikheid vir jouself en almal rondom jou te neem, gaan positiewe energie tot stand laat kom. Ons kan so baie doen om tog die staat en owerhede te begelei na die punt wat hulle doen wat van hulle verwag word.

* Die opneem van wapens word deur verskeie mense voorgehou as die enigste oplossing vir die drukgang waarin ons nou is. Die argument is dat God die owerheid mag gewil het, maar nie die persone in die magsposisie nie. Daar word dan gereken dat die persoon – selfs met geweld indien nodig - vervang moet word met iemand wat die taak sal kan doen. Dit is so goed as oorlog verklaar. Oorlog en revolusie gaan gepaard met groot verlies aan menselewens. Wil ons nie huis lewens spaar en vrede en veiligheid bevorder nie?.

Kan ons dan meer doen as bloot bid? Die vraag is of ons ooit kan ophou bid. Daarmee saam moet elkeen in eie konteks verantwoordelikheid aanvaar vir eie en geliefdes se veiligheid en vreugde. Ons moet onreg uitwys waar ons kan, soveel ons kan. In hierdie tegnologiese eeu is die amper onmiddellike ontmaskering van onreg moontlik op internasionale skaal. Elkeen gaan in eie gewete moet besluit op die beste manier om positief by te dra tot 'n beter toekoms.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

Koster Kersfunksie vir Bejaardes

Op Dinsdag, 24 Oktober 2017 het die sussies van Koster gemeente 'n Kersfunksie vir ons bejaardes in die kerksaal aangebied. Ons bejaardes maak nie net seker dat die waardes en norme van steedsHervormer voortgesit word nie, maar hulle is die ruggraat van ons kerk en gemeente. 'n Mens kan regtig by hulle nog sien hoe 'n verantwoordelike lidmaat moet leef in die geloof. Hulle is ook altyd daar wanneer daar gewerk moet word. Regte steunpilare. Daarom was dit vir ons aangenaam om hulle as 'n klein blyk van waardering, uit te nooi vir 'n ete en te bedank vir wat hulle vir die kerk en ons gemeente beteken.



Die jonger susters van die gemeente het hierdie keer reg gestaan en sommer uitgehang met 'n voortreflike maaltyd wat hulle voorgesit het.



Hulle het al die spyseniering en ook die versiering en opmaak van die saal gedoen,

wat sommer baie feestelik gelyk het. Elmien Botha het die praatjie gelewer met die tema: "Jolliepatrollie tot op 100". Dit het amper vir 'n dansende affère gesorg.



Ons wou ook graag die emeriti professore, predikante en hulle goeie gades op 'n manier betrek as gaste. Stel jou voor die stories wat hierdie klomp met mekaar kon deel. Maar dit is makliker gesê as gedoen, het ons gedink, want 'n mens kan tog nie van ons emeriti verwag om platteland toe te ry net vir 'n Kersete nie. Hulle is altemit nie meer vandag se 'kinta' nie en hulle stories is in elke geval te veel om net in een agtermiddag te kan vertel. Ons het toe 'n plan beraam en met die goeie gesindheid van die Kerkraad en die gasvryheid van Stefan Rautenbach van Woodridge Palms Boetiek Hotel kon ons hulle oornooi.



Ons was so bevoorreg dat 13 van ons emeriti die uitnodiging kon aanneem. Hulle en hul gades het Maandag hier oorgeslaap om Dinsdag ons funksie by te woon en hulle het Woensdag vertrek.

Dit was vir ons 'n groot eer en voorreg om ons senior predikante en lidmate op hierdie manier te onthaal.



OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

REFORMASIE 500

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan die verskillende feesvieringe. Dankie aan al die gemeentes wat hul kerkklokke op 31 Oktober 2017 om 07:00 gelui het.

OTTOSDAL

Ds Parkin se gade, mevrou Denise Parkin is met borskanker gediagnoseer. Ons dra hom, haar, hulle gesin en die gemeente aan die Here op in ons gebede.

KERSBOODSKAPPE

Die redaksie van Koersvas nooi gemeentes en predikante uit om enige Kersboodskap of goeie wense wat hulle aan ander in die GHG wil stuur, voor 30 November deur te stuur vir plasing in Koersvas 126 van 8 Desember 2017.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar. Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die GHG opening. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Lootjie vorms is beskikbaar
Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms.

MAKWASBYEENKOMS

Alle emeriti, hul gades en predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkomste Premiernyn Hervormde kerk,

Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na DV Vrydag 23 Februarie 2018. Maak seker dat u die datum op u gemeente-kalender aanteken. Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom. Kontak Yvette Otto per e-pos by zyvetto@gmail.com.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
 - Kwitansieboeke
 - Offergawe boeke
 - Dames Kwitansieboeke
 - Konsistorie boeke
 - Reklame plakkate en ander drukwerk
- ella@teamworkprinters.com